

## UITTREKSELS UIT NSSA SKEETREËLBOEK

(Please note : the NSSA rulebook in English will prevail if there is a dispute over the Afrikaans interpretation)

### AFDELING 111 - SKIET PROSEDURES

#### A. DEFINISIES

##### 1. Skietposisies

- a. Die skut moet staan met enige gedeelte van beide voete binne die grense van 'n spesifieke skietstasie.
- b. Vir die korrekte skietposisie by Stasie 8, moet die skut met beide voete staan binne die grense van die vierkantige blokstasie wat die verste afstand van die hoëtoring of die laehuis is.
- c. Enige skut met een of beide voete buite 'n skietstasie sal versoek word om die spesifieke teiken oor te skiet. Indien die skut aanhou om 'n voetposisie te oortree sal hy/sy gestraf word met die aftrek van een teiken vir elke opeenvolgende skietposisie-oortreding. Indien die skut egter die teiken gemis het met die eerste voetposisie-oortreding, sal die uitslag as verlore aangeteken bly.

**2. Geweerposisie** – Enige veilige posisie wat vir die skut gemaklik is.

**3. Geen Teiken** – Enige teiken gegooi, waarop geen beslissing gemaak kan word nie, of 'n teiken wat nie binne die toegelate periode van 1 sekonde na die roep van die teiken, verskyn nie. Indien 'n skut skiet na 'n teiken wat verskyn na die normale tydsverloop van 1 sekonde, en voordat die Skeidsregter "*Geen Teiken*" geroep het, sal die uitslag van die skoot tel. Indien die skut die skoot weerhou weens die vermoede van 'n stadige trek van die teiken, mag die Skeidsregter, in sy/haar uitsluitlike diskresie, dit as 'n "*Geen Teiken*" verklaar. Die verskyning van die teikens op presies dieselfde tydstip as die roep van die skut, is nie 'n vereiste nie.

**4. Normale Teiken** – 'n Teiken wat verskyn, ongebreek, binne die 1 sekonde tydsduur na die roep van die teiken en wat deur die sirkelring opgestel in die middel van die Skeetbaan, vlieg en op die grond land, 60 voet (18,28 meter) van die verlatende Skeethuis met 'n speling van plus/minus 2 voet (60 sentimeter).

**5. Abnormale teiken** –

- a. 'n Ongebreekte teiken wat nie voldoen het aan die kriteria van 'n Normale Teiken nie.

- b. Twee teikens wat gelyktydig gegooi word wanneer daar slegs na enkeleikens geskiet word. Indien die skut skiet na die korrekte teiken en dit mis of breek, sal dit as sodanig getel en aangeteken word. Dit is die skut se keuse om die teiken te weier indien dubbelteikens gegooi word wanneer dit enkeleikens behoort te wees. Die skut kan dan weer die korrekte teiken roep.
  - c. Gebreekte teikens. Onder geen omstandighede sal die uitslag van 'n skoot op 'n gebreekte teiken, getel en aangeteken word nie.
6. **Normale Dubbelteiken** – 'n Normale teiken gelyktydig gegooi vanuit beide Skeethuise.
  7. **Adnormale Dubbelteiken** – Een of beide teikens voldoen nie aan die kriteria van 'n normale teiken nie of slegs een teiken word gegooi.
  8. **Herhaalde Dubbelteiken** - Die herhaling van 'n normale dubbelteiken.
  9. **Skiet Grense** – Vir Stasies 1 tot 7 (inklusief) is dit die volle 36,5 meter area voor die Skeethuis van waar die teiken gegooi is. Vir Stasie 8 is dit slegs die area vanaf die Skeethuis waar die teiken gegooi word tot en met die middel van Stasie 4 / 8 se skietposisie, ook bekend as die middelpen of vlag.
  10. **Vries** – Die versuim om te skiet na 'n normale teiken verskyn, weens 'n fout of skuld aan die kant van die skut.
  11. **Foutiewe Geweer** – 'n Funksionele probleem met die geweer wat versuim om te vuur en wat nie deur die skut se eie fout, veroorsaak is nie (ook verwys na as 'n wanfunksie van die geweer).
  12. **Foutiewe ammunisie:**
    - a. Foutiewe ammunisie word gedefinieer as:
      1. Ammunisie wat weier om te vuur, onderhewig daaraan dat 'n duidelike merk deur die slagpen van die geweer op die slagdoppie van die patroon gelaat is.
      2. Wanneer 'n teiken gemis word weens 'n skoot wat abnormaal klink, en in die uitsluitlike diskresie van die Skeidsregter, nie die haelafstand bied om die teiken te breek nie (met ander woorde, nie 'n billike geleentheid aan die skut bied om die teiken te breek nie). Nota: Indien die teiken wel gebreek word deur 'n skoot wat abnormaal klink, sal dit tel en as sodanig aangeteken word. Ammunisie wat abnormaal klink, maar waarvan die hael wel die teiken haal en dus vir die skut 'n billike geleentheid bied om die teiken te breek, sal nie geag word as foutiewe ammunisie nie en die uitslag van hierdie skote sal geld.
      3. Die metaal gedeelte van 'n dop wat van die plastiekdop lostrek tussen skote na dubbelteikens.
      4. Die totale afbreek van 'n gedeelte van 'n patroon wanneer die geweer gevuur word.

- b. Verkeerde grootte patrone of leë (gevuurde) patrone wat gelaai word, sal nie as foutiewe ammunsie beskou word nie.
- c. Herhaalde teikens – 'n Teiken sal herhaal word vir elke toelaatbare foutiewe ammunsie voorval.
- d. Aantal toelaatbare voorvalle – 'n Skut sal slegs twee voorvalle van foutiewe ammunsie van die eerste pakkie patrone wat in 'n rondte gebruik word, toegelaat word. Na die twee voorval van foutiewe ammunsie, moet die skut die patrone met 'n pak fabrieksammunsie vervang en dan word daar twee verdere voorvalle van foutiewe ammunsie toegelaat. Indien die skut nie sy/haar ammunsie verander na 'n nuwe pak fabrieksammunsie nie, en daar vind weer 'n voorval van foutiewe ammunsie plaas, sal die teiken as verlore geag word. **Uitsondering:** Indien 'n skut 'n herhaalde teiken kry en die derde voorval vind plaas op daardie teiken, sal dit nie geag word as meer as twee voorvalle van foutiewe ammunsie nie.

**13. Dooie teiken** – 'n Teiken waarvan 'n sigbare deel van die teiken, in die uitsluitlike oordeel van die Skeidsregter, afgebreek word nadat 'n skut regmatig daarop geskiet het en voordat die teiken op die grond land.

**14. Verlore teiken** – 'n Teiken waarvan geen sigbare gedeelte in die uitsluitlike oordeel van die Skeidsregter, afgebreek het nadat daarop geskiet is nie.

**15. Addisionele (25ste) skoot** - Hierdie skoot volg slegs op Stasie 8 laehuis nadat al die vorige 24 teikens "dood" verklaar is. Indien die skut agter by enige van die vorige Stasies 'n verlore teiken het, sal daardie spesifieke teiken weer na geskiet word en sal sodanige skoot, as die skut se Addisionele (25ste) Skoot geag en aangeteken word.

**16. Skeet Skietgroep:**

a) 'n Normale Skeet skietgroep bestaan uit vyf deelnemers/skuts.

b) Enige 5 skuts kan 'n skietgroep vorm. Alle deelnemende skuts sal in groepe van 5 ingedeel word, of so na as moontlik aan 5 lede per skietgroep. Minder skuts as 5 in 'n skietgroep is toelaatbaar, maar meer lede as 6 in 'n skietgroep moet nie aan 'n rondte van Skeet weens veiligheidsoorwegings, deelneem nie.

**17. 'n Rondte Skeet** - 'n Rondte Skeet vir een skut bestaan uit 25 skote. Die doel van die rondte is om die grootste getal teikens te breek (te dood). 24 teikens word aangebied soos beskryf in Deel III-B-1. Die eerste teiken wat gemis word sal herhaal word deur die skut. Hierdie skoot lewer dan die 25 skote in totaal. Sou 'n eerste verlore teiken plaasvind gedurende die skiet na normale dubbelteikens, sal slegs die teiken wat gemis is, as 'n enkele teiken herhaal word as die 25ste skoot. Sou die eerste verlore teiken tydens die skiet na 'n eerste teiken van 'n abnormale dubbelteiken plaasvind, dan sal 'n herhaalde dubbelteiken gegooi word om die

uitslag van die tweede skoot te bepaal, met die eerste teiken wat as verlore aangeteken is, wat as 'n enkeleiken herhaal sal word as die 25ste skoot. Indien die skut al 24 teikens op die Skeetbaan breek en dood, sal die 25ste skoot weer 'n herhaling van die 24ste teiken wees, m.a.w. Stasie 8 met 'n teiken uit die laehuis.

- 18. Opvangskiet** – Die geval waar 'n skut wat laat opdaag in die Skietgroep, buite sy beurt skiet om die skietgroep in te haal.

## **B. ALGEMEEN**

### **1. Skietgroep Prosedure Gedurende 'n Rondte van Skeet**

- a) Die skietgroep sal by Stasie 1 begin in die volgorde wat die deelnemers se name op die telkaart verskyn. Die eerste verlore teiken van 'n skut, sal onmiddellik herhaal word as die addisionele (25ste) skoot van die skut in die betrokke rondte.
- b) Die eerste skut sal by Stasie 1 enkeleikens begin skiet, aanvanklik na 'n enkeleiken uit die hoëtoring en daarna na 'n enkeleiken uit die laehuis. Na die laai van twee nuwe patrone, sal hy/sy voortgaan om dubbelteikens te roep (deur eerste te skiet na die teiken uit die naaste toring/huis en die tweede skoot na die teiken uit die verste toring/huis), en daarna die stasie verlaat. Die ander skuts op die lys sal dieselfde prosedure volg in die orde soos hulle name op die telkaart verskyn.
- c) Die skietskietgroep sal dan na Stasie 2 beweeg en dieselfde prosedure as by Stasie 1 gevolg, herhaal (m.a.w. enkel en dubbelteikens).
- d) Daarna sal die skietgroep na Stasie 3 beweeg waar elke skut slegs 'n enkelskoot na 'n teiken uit die hoëtoring en daarna 'n enkelskoot na 'n teiken uit die laehuis sal skiet in die volgorde soos hulle name op die telkaart verskyn.
- e) Dieselfde prosedure sal by Stasies 4 en 5 gevolg word (slegs 'n enkelskoot na 'n enkeleiken uit die hoëtoring en laehuis onderskeidelik).
- f) By Stasie 6 sal die eerste skut op die telkaart 'n enkelskoot na 'n teiken uit die hoëtoring en 'n enkelskoot na 'n teiken uit die laehuis skiet. Dan laai hy/sy twee nuwe patrone wat hy/sy dan as dubbelskote sal skiet, eerstens na 'n teiken uit die laehuis (as die huis naaste aan Stasie 6) en sonder onderbreking daarna na 'n teiken uit die hoëtoring (as die toring die verste van Stasie 6), waarna hy/sy die stasie sal verlaat. Die ander lede van die skietgroep doen dieselfde (die skiet na enkel-en dubbelteikens).
- g) Dieselfde prosedure as by Stasie 6 gevolg, word by Stasie 7 herhaal (die skiet na enkel-en dubbelteikens).

- h) Die skietgroep beweeg dan na Stasie 8 waar elke skut eers 'n enkelskoot na 'n teiken uit die hoëtoring sal skiet voordat enigeen na 'n teiken uit die laehuis skiet.
- i) Wanneer elke skut klaar na 'n teiken uit die hoëtoring geskiet het, skiet die eerste skut by Stasie 8 na 'n teiken uit die laehuis, gevolg deur die ander lede van skietgroep.
- j) 'n Skut by Stasie 8 sal 'n skoot na 'n teiken uit die laehuis weer skiet as sy/haar addisionele (25ste) skoot indien hy/sy geen verlore teikens in die betrokke rondte by enige van die ander Stasies (1 tot 7) aangeteken het nie. Die res van die skietgroep volg dieselfde prosedure totdat die rondte voltooi is.
- k) Op hierdie stadium moet elke skut sy/haar telling nagaan en bevestig as korrek.

## **2. Reëls en Prosedure vir Dubbelkompetisies**

- a) 'n Dubbelkompetisie sal 'n minimum van vyftig (50) teikens behels.
- b) In 'n 100-teiken kompetisie, begin die kompetisie by Stasie 1 en is deurlopend tot by Stasie 7 (m.a.w. 7 stasies met 2 teikens elk, in totaal 14 teikens) en daarna teruglopend van Stasies 6 na Stasie 5, 4, 3 en 2 (m.a.w. 5 stasies met 2 teikens elk, in totaal 10 teikens wat in totaal 24 teikens in rondtes 1 en 3 verteenwoordig). Rondtes 2 en 4 sal eindig met dubbelteikens by Stasie 1 (in totaal 26 teikens) met die 25ste patroon van rondtes 1 en 3 onderskeidelik wat gebruik word. Dus rondtes 1 en 3 sal bestaan uit 24 skote elk wat eindig met 'n dubbelteiken by Stasie 2, terwyl rondtes 2 en 4 uit 26 skote/teikens sal bestaan wat eindig met 'n dubbelteiken by Stasie 1 (in totaal 100 teikens oor vier rondtes).
- c) Wanneer dubbelteikens geskiet word by Stasies 1, 2, 3, 5, 6 en 7 moet die eerste skoot geskiet word na 'n teiken uit die naaste toring/huis en die tweede skoot na 'n teiken uit die vërste toring/huis. Wanneer dubbelteikens by Stasie 4 geskiet word, moet 'n skut eerste na 'n teiken uit die hoëtoring (deurlopend van Stasie 1 tot 7) en wanneer teruglopend van Stasie 7 tot 2 (of tot Stasie 1 in rondtes 2 en 4) beweeg word, eerste na 'n teiken uit die laehuis skiet.
- d) Die reëls vir dubbelteikens in Dubbelkompetisies is dieselfde as die reëls vir dubbelteikens in 'n gewone rondte van Skeet.
- e) Alle ander NSSA-reëls geld.

### 3. Skut se Reg om Teikens Waar te Neem

- a) Aan die begin van elke rondte sal die skietgroep geregtig wees om twee (2) normale teikens van elke toring/huis te sien asook die opsie om een normale teiken na elke abnormale teiken wat gegooi is, te sien.
- b) Die nasionale-, provinsiale- en/of plaaslike bestuur (organiseerders) van 'n kompetisie is geregtig om waar dit topografies moontlik is, die gebruik van 'n hoepelyster of dergelike toestel wanneer 'n verstelling van 'n teiken vereis word, verpligtend te maak.

### 4. Beweging Van Stasie tot Stasie

- a) Geen lid van 'n skietgroep sal na 'n Stasie beweeg alvorens dit nie sy/haar beurt is om te skiet en die vorige skut die betrokke Stasie verlaat het nie. Geen skut mag enige teiken roep of 'n skoot na 'n teiken vuur tensy dit sy/haar beurt is om te skiet nie. 'n Teiken waarna geskiet word buite 'n skut se beurt en sonder die goedkeuring van die Skeidsregter, sal as "*no target/geen teiken*" geroep word.
- b) Geen lid van 'n skietgroep wat klaar by 'n Stasie geskiet het, sal na 'n volgende Stasie beweeg op 'n wyse wat 'n ander skut sal steur nie. Die sanksie vir sodanige opsetlike gedrag is diskwalifikasie van die betrokke kompetisie.
- c) Geen skut sal 'n skietgroep onnodig vertraag sonder 'n grondige rede wat vir die skietgroep se Skeidsregter aanvaarbaar is nie. 'n Skut wat volhou om op 'n opsetlike wyse 'n vertraging sonder grondige redes te veroorsaak, sal na een waarskuwing deur die Skeidsregter, aan diskwalifikasie van die kompetisie onderworpe wees.

### 5. Gebreekte Geweer

Wanneer 'n geweer sodanig beskadig of gebreek is dat dit onbruikbaar is, het die skut die opsie om 'n ander geweer te gebruik op voorwaarde dat dit sonder vertraging geskied, of andersinds kan die skut van die skietgroep onttrek totdat die geweer herstel is en dan vir 'n opening, hetsy by 'n ander skietgroep of totdat al die ander deelnemers die kompetisie voltooi het, wag om sy/haar onvoltooide rondte/s te skiet en te voltooi. Niks sal 'n skut verhoed om een rondte as gevolg van 'n gebreekte geweer, te mis en die geweer te herstel en dan weer by die skietgroep aan te sluit om die oorblywende rondtes wat die skietgroep nog nie geskiet het nie, te skiet en te voltooi nie. In die geval waar 'n rondte as gevolg van 'n gebreekte geweer onderbreek is, sal die betrokke skut wanneer 'n opening beskikbaar word, of nadat al die deelnemers hulle rondtes voltooi het, die betrokke rondte wat onderbreek is, voltooi deur op die betrokke Stasie en teiken waar die geweer gebreek het, te begin en die rondte te voltooi.

## 6. Opvangskiet

- a) Indien 'n skut wat vir 'n kompetisie geregistreer het, nie in sy of haar skietgroep by die aanvang van die kompetisie opdaag nie, sal die skut nie toegelaat word om by die skietgroep aan te sluit en op te vang nadat die eerste skut in die skietgroep reeds 'n skoot op Stasie 2 geskiet het nie.
- b) Hy/Sy mag wel by die betrokke skietgroep vir die oorblywende rondtes aansluit, maar die rondte wat gemis is as gevolg van die skut se laat opdaag by die aanvang van die kompetisie, moet op dieselfde baan en by die eerste beskikbare opening, of andersins wanneer alle ander deelnemers klaar geskiet het, geskiet en voltooi word.
- c) In belang van tydbesparing, mag die organiseerders van die kompetisie, in hulle uitsluitlike diskresie, voormelde reël aanpas indien die omstandighede dit vereis.

## 7. Stadige Skietgroepe

Daar word aanbeveel dat organiseerders van ander beskikbare Skeet-skietbane gebruik sal maak wanneer masjienbreke of ongewone stadige skietgroepe die normale vloei van skietgroepe vertraag. Onder normale omstandighede behoort 'n skietgroep 'n rondte van Skeet in 20 minute te voltooi, insluitend breuke tussen rondtes.

## C. PUNTETELLING

1. Die puntetelling in enige rondte van Skeet sal die totale aantal teikens wat gebreek is, sg "*doodskote/kills*", wees.
2. Teikens wat as "*geen teiken/no target*" geroep is, sal nie van punte gehou en aangeteken word nie.
3. 'n Verlore teiken sal getel en aangeteken word:
  - a) Indien 'n vries (huiwering) om te skiet of nie-afvuur van die geweer deur die skut se eie fout, plaasvind. As dit beide teikens van 'n normale dubbelteiken insluit, dan sal die eerste teiken as "*verlore*" getel word en 'n herhalende dubbelteiken sal gegooi word waar die skut op die eerste teiken moet skiet, maar slegs die uitslag van die tweede skoot op die tweede teiken, vir puntetelling aangeteken sal word. As 'n versuim om te skiet sou plaasvind of die geweer weier om te vuur as gevolg van 'n skut se eie fout by 'n dubbelteiken wat gegooi is en die eerste teiken is wel op geskiet en getel, dan sal die tweede teiken as verlore getel en aldus so op die telkaart aangeteken word.

- b) By elke oormatige geval van foutiewe ammunisie of oormatige nie-afvuur of voorvalle van 'n foutiewe geweer.
  - c) By dubbelteikens wat in omgekeerde orde na geskiet is.
  - d) Indien na teikens wat buite die grense van die skietbaan is, geskiet is.
  - e) By elke agtereenvolgende voetfoutoortreding.
  - f) By elke agtereenvolgende vries of versuim om te skiet. Dit sal beskou word as 'n vries om te skiet indien 'n skut opsetlik meer as 10 sekondes neem om 'n teiken op 'n Stasie te roep of na te skiet (nadat die teiken verskyn het) en nadat die Skeidsregter hom/haar een keer per rondte gewaarsku het sonder enige strafpunte.
4. Indien 'n haelgeweerpatroon wat reeds een keer geweier het om te vuur, weer gebruik word en weier om te vuur, dan sal dit as 'n fout aan die kant van die skut beskou word en die teiken as verlore getel word.
  5. Geen aanspraak op 'n abnormale teiken, hetsy 'n enkel- of dubbelteiken, sal gehandhaaf word waar 'n skut op 'n teiken of teikens geskiet het en die beweerde abnormaliteit op 'n afwyking van die voorgeskrewe vlugtrajek van die teiken berus nie, of weens 'n beweerde vinnige of stadige trek van die teiken nie, tensy die Skeidsregter duidelik "*No Target*" geroep het voordat die skoot afgevuur is nie. As die skut egter na 'n teiken skiet, sal die uitslag aangeteken word. Die Skeidsregter se beslissing oor die roep van 'n "*No Target*" voor die skut geskiet het, is finaal.
  6. As die metaal gedeelte van die dop uit die plastiekromp tussen skote by dubbelteikens skeur, word dit aangeteken as foutiewe ammunisie en nie geag as 'n foutiewe geweer nie.
  7. Gedurende 'n gewone rondte van Skeet of in 'n dubbelteiken-kompetisie, as die metaal gedeelte van die dop uit die plastiekromp skeur of foutiewe ammunisie word tussen skote op dubbelteikens ondervind, dan sal die Skeidsregter beslis, indien die eerste teiken raakgeskiet is, dat 'n verdere herhaalde dubbelteiken gegooi word waarna op die eerste teiken geskiet sal word (maar wat as raakgeskiet ('n "*doodskoot/kill*") geag en aangeteken sal word) en die uitslag van die vuur op die tweede teiken, vir puntedoeleindes getel en aangeteken sal word.

#### **D. FOUTIEWE HAELGEWEER**

'n Skut word nie geag skuld te hê indien hy/sy die vervaardiger se handleiding wat betref die laai van die geweer gevolg het en die geweer weier om te vuur nie. As die aksie toegemaak (gesluit) word en die geweer vuur nie die eerste skoot op 'n dubbelteiken of op enige enkele teiken nie en die aksie is gesluit in ooreenstemming met die vervaardiger se voorskrifte en vertoon met die blote oog as behoorlik toe,



dan sal die weiering van die geweer om te vuur, as 'n foutiewe geweer aangeteken word.

### 1. Semi-Outomatiese Gewere

- a. By semi-outomatiese gewere, word daar nie van die skut verwag om die sluitgrendel vorentoe te stoot of die retraksie-hefboom te slaan om te verseker dat die geweer gesluit is nie. Dit is 'n normale funksie van semi-outomatiese gewere.
- b. 'n Skut moet die patroon of patrone in die geweer laai en toesien dat die aksie op die oog af, gesluit is. As hy/sy twee patrone by enkel- of dubbelteikens laai en indien die tweede patroon weier om in die kamer te laai of uit die geweer spat, dan sal dit as 'n foutiewe geweer aangeteken word, tensy 'n "*No Target/Geen Teiken*" op die tweede skoot geroep is.

### 2. Pomp Haelgewere

- a) Daar word van 'n skut verwag om die geweer by dubbelteikens te pomp soos deur die vervaardiger voorgeskryf en die aksie heeltemal vorentoe te sluit (op die oog af) by enkeleikens.
- b) As 'n skut die geweer te kort sluit, sal die slagpen nie oorgehaal wees nie en sal dit as 'n fout aan die kant van die skut geag word.
- c) As die aksie van die geweer die tweede patroon uitgooi alvorens dit afgevuur is, dan sal dit as 'n foutiewe geweer geag word.
- d) Dit sal as 'n foutiewe geweer geag word indien daar tussen skote (by dubbel- en enkeleikens) met 'n pompaksie 'n leë patroondop in die kamer gelaai word, op voorwaarde dat die slagpen wel oorgehaal is.
- e) Die Skeidsregter moet soos voorgeskryf 'n foutiewe geweer nagaan deur vorentoe pompdruk op die voorarm van die geweer te plaas om seker te maak die patroon is gekamer. Indien die geweer egter glad sluit, sonder aarselling, sal dit nie as 'n foutiewe geweer geag word nie.

### 3. Dubbelloop Haelgewere

- a) Die skut is verantwoordelik vir die laai van 'n patroon in die korrekte loop, of twee patrone vir dubbelteikens.
- b) Die skut moet die aksie sluit in ooreenstemming van die vervaardiger se voorskrifte.

#### **4. Selfvang Toestelle**

Wanneer enige toestel by 'n haelgeweer aangebring is wat verwyder of gestel moet word vir die skiet van dubbelteikens, sal dit die verantwoordelikheid van die skut wees om toe te sien tot sodanige verstelling of verwydering van die toestel alvorens na 'n teiken geskiet word. 'n Versuim om 'n tweede skoot by dubbelteikens te skiet as gevolg van so 'n toestel, sal nie as 'n foutiewe geweer geag word nie en die teiken sal as verlore ("lost") aangeteken word.

#### **5. Herhaalde Teikens**

'n Teiken sal vir elke foutiewe geweer of foutiewe ammunisie, herhaal word.

#### **6. Aantal Wanfunksies Toegelaat**

Slegs twee wanfunksies per geweer sal toegelaat word in dieselfde rondte of uitskiet-rondte. Die derde en al die daaropvolgende wanfunksies van dieselfde geweer sal as oormatig beskou word. Wanneer meer as een persoon dieselfde geweer in dieselfde rondte gebruik, sal die reël egter vir elke persoon apart geld.

#### **7. Laai van twee patrone**

Tydens die skiet van enkeleikens, mag 'n skut twee patrone laai, behalwe by Stasie 8 waar eerste slegs na 'n teiken uit die hoëtoring geskiet word (en eers nadat al die lede van die skietgroep na 'n teiken uit die hoëtoring geskiet het, sal na 'n teiken uit die laehuis met 'n enkelskoot, geskiet word), of by die laaste enkeleikens by enige Stasie, of wanneer 'n klubreël dit verbied en as die geweer tussen skote sou stoor of weier om te vuur, in welke geval dit as 'n foutiewe geweer aangeteken sal word en die skut die geleentheid gebied sal word om weer na die teiken te skiet. Die skut is egter steeds beperk tot slegs twee toegelate wanfunksies met een geweer in 'n rondte.

#### **8. Foutiewe Geweer by Enkel- of Eerste Skoot by Dubbelteikens**

Om vas te stel of 'n foutiewe geweer die rede vir die versuim om te vuur, is, moet die skut nie die geweer oopmaak of aan die veiligheidsmeganisme van die geweer raak alvorens die Skeidsregter nie die geweer geïnspekteer het nie.

- a. Indien die skut die sneller in die trek(vuur)posisie vashou, sal die Skeidsregter eers seker maak dat die geweer in 'n veilige rigting wys en dan sy/haar vinger oor die skut se vinger plaas en normale druk op die sneller toepas.
- b. As die skut die sneller gelos het, dan sal die Skeidsregter, nadat hy/sy seker gemaak het dat die geweer in 'n veilige rigting wys, met uiterste versigtigheid

nie die geweer skud of die aksie verder probeer toemaak nie en normale druk op die sneller plaas.

- c. Die teiken sal as verlore aangeteken word as 'n skoot afgaan of die geweer oopgemaak is voor die Skeidsregter dit geïnspekteer het. 'n Foutiewe geweer sal aangeteken word as 'n skoot nie afgegaan het nie en die Skeidsregter se inspeksie van die ammunisie, veiligheidsmeganisme, loopseleksie, ens., daarop dui dat die skut die nodige verantwoordelikheid aan die dag gelê het (m.a.w. die weiering om te vuur is nie die skut se fout nie).
- d. Ingeval van 'n geweer wat met 'n vrylatingsneller ("release trigger") toegerus is, sal die Skeidsregter nie van die skut verwag om die sneller te trek en dan te los nie.

## 9. Foutiewe Geweer Tussen Skote by Dubbelteikens

Indien 'n oënskynlike wanfunksie van die geweer/ammunisie tussen die eerste en die tweede skoot by dubbelteikens plaasvind:

- a) Sal die Skeidsregter beveel dat as die eerste teiken raakgeskiet is, 'n herhaalde dubbelteiken gegooi word waar die eerste skoot nog steeds geskiet moet word, maar die tweede skoot op die tweede teiken vir puntedoeleindes, aangeteken sal word (die eerste teiken raakgeskiet, bly as 'n "*doodskoot/kill*" staan).
- b) As 'n voorval van 'n foutiewe geweer of ammunisie gedurende 'n gewone rondte of 'n dubbelteiken-kompetisie plaasvind, sal die Skeidsregter die uitslag van die eerste skoot aanteken en 'n herhaalde dubbelteiken roep om die uitslag van die skoot na die tweede teiken, vas te stel en aldus so aan te teken.
- c) As sodanige wanfunksies oormatig is (wat nie toelaatbaar is nie) en die eerste teiken is raakgeskiet, sal die eerste teiken as "*dood/kill*" aangeteken word, maar die tweede teiken sal as "*verlore/lost*" getel word. Indien die eerste teiken misgeskiet is, sal beide teikens as "*verlore/lost*" getel en aangeteken word.

## 10. Dubbelafvuur

As 'n geweer tydens enkel- of dubbelteiken-kompetisies dubbelvuur (twee skote gaan gelyktydig met die trek van die sneller af), sal die Skeidregter 'n foutiewe geweer beveel en by 'n gewone rondte of dubbelteiken, indien die eerste teiken raakgeskiet is, sal dit nie so aangeteken word nie en 'n herhaalde teiken (enkel of dubbel) geroep word om die uitslag te bepaal en aldus so aan te teken. As die eerste teiken egter verlore was (by 'n dubbelteiken), sal dit so aangeteken word en 'n herhaalde dubbelteiken geroep word om die uitslag van die tweede teiken te bepaal.

## E. Dubbel- en Herhaalde Dubbelteikens

1. Indien die eerste teiken gebreek uitkom, moet die Skeidsregter “*geen teiken*” roep en moet die dubbelteiken herhaal en oorgeskiets word om die telling van beide skote te bepaal.
2. As ‘n dubbelteiken gegooi word en die twee teikens bots voordat daar na die eerste teiken geskiets word, sal die Skeidsregter “*geen teiken*” roep en sal weer ‘n herhaalde dubbelteiken (proof double) gegooi word om die telling van beide skote te bepaal.
3. Indien die eerste teiken van ‘n dubbelteiken afwyk van sy rigting/trajek en die skut skiet nie na die teiken nie, sal ‘n herhaalde dubbelteiken gegooi word om die telling van beide te bepaal. Alleenlik die Skeidsregter sal bepaal of daar ‘n afwyking van rigting was.
4. Indien die eerste teiken van ‘n dubbelteiken afwyk van sy rigting en daar is na die teiken geskiets, sal die telling vir die eerste skoot bepaal word volgens reël III-C-6. Indien die skut nie na die tweede teiken kon skiet nie as gevolg van enige van die redes in III-E-5 aangedui, sal die teiken as ‘n “*geen teiken*” beskou word en sal weer na ‘n dubbelteiken geskiets word om die uitslag van die tweede teiken te bepaal.
5. Indien ‘n skut nie na die tweede teiken van ‘n dubbelteiken kan skiet as gevolg van een van die volgende redes nie, word die uitslag van die eerste teiken aangeteken. Daar word weer na ‘n herhaalde dubbelteiken geskiets om die uitslag van die tweede teiken te bepaal.
  - a. Die tweede teiken kom gebreek uit die masjien.
  - b. Die tweede teiken wyk af van sy trajek en daar word nie na die teiken geskiets nie.
  - c. Die tweede teiken kom glad nie uit die toring/huis nie.
  - d. Die tweede teiken word nie gelyktydig met die eerste gegooi nie.
  - e. Beide teikens word met die eerste skoot gebreek. (Indien dit meer as een keer gebeur, moet die dubbelteiken weer en weer herhaal word)
  - f. Die verkeerde teiken word met die eerste skoot gebreek. (Sien ook paragraaf 8 onder)
  - g. Die eerste skoot is mis en die stukke breek die tweede teiken voordat daarna geskiets kan word.
  - h. Die tweede teiken bots met stukke van die eerste teiken wat raak geskiets is, voordat daar na die tweede teiken geskiets kon word.
  - i. Die uitslag van die eerste skoot is bepaal en daar is inmenging van watter aard ook al wat verhoed dat die tweede skoot geskiets kan word.

6. Die skut sal nie gepenaliseer word indien hy nie na die eerste teiken van 'n dubbelteiken skiet nie omdat die teiken nie normaal was nie. Daar sal dan na 'n tweede dubbelteiken geskiet word om die telling van beide te bepaal.
7. Indien 'n dubbelteiken gegooi word en die haelgeweer het 'n toelaatbare storing op die eerste skoot, sal die Skeidsregter "*geen teiken*" roep en weer 'n dubbelteiken gooi om die uitslag van beide skote te bepaal. Indien die storing reeds meer kere gebeur het as wat toelaatbaar is, sal weer na 'n herhaalde dubbelteiken geskiet word om die uitslag van slegs die tweede teiken te bepaal.
8. Indien 'n skut na 'n herhaalde dubbelteiken skiet nadat die eerste teiken op 'n dubbelteiken gemis is en hy skiet die verkeerde teiken eerste, sal beide teikens van die herhaalde teiken as verlore aangeteken word. Indien die skut egter tydens die aanvanklike dubbelteiken die eerste teiken raak geskiet het en dan die verkeerde teiken van die herhaalde dubbelteiken eerste skiet, sal die teikens as dood en verlore aangeteken word.

## **F. Inmenging/Steuring**

1. Enige omstandighede buite die beheer van die skut en wat sy kans om die teiken raak te skiet benadeel, word as inmenging of steuring bestempel.
  - a. Indien 'n skut na 'n teiken skiet en 'n stuk van 'n teiken van 'n nabygeleë baan vlieg in sy rigting, word dit nie as inmenging beskou nie behalwe as die stuk van die teiken die skut of sy geweer gaan tref. Slegs die Skeidsregter sal die besluit neem of die stuk van die teiken die skut of die geweer sou tref.
  - b. As die skut nie na die teiken skiet nie omdat hy inmenging vermoed, kan slegs die Skeidsregter besluit om dit toe te laat of nie.
  - c. As 'n skut nie na 'n teiken skiet nie omdat hy beweer daar inmenging was, en of om veiligheidsredes, het die Skeidsregter nog steeds die laaste oordeel om dit toe te laat of nie.
  - d. Aktiwiteite op aangrensende bane sal nie as inmenging beskou word behalwe as die veiligheid van skuts in gedrang was.
2. Indien 'n skut na 'n teiken skiet, aanvaar hy die teiken. Hy aanvaar ook die uitslag behalwe as die Skeidsregter bepaal dat daar 'n wettige inmenging was. Onderstaande is voorbeelde van wettige inmenging:
  - a. 'n Kleidoos word uit die huis gegooi in die sig van die skut in die tyd wat hy vir die teiken roep en die skoot skiet.
  - b. Die deur van die huis word oopgemaak in die tyd wat hy vir die teiken roep en die skoot skiet.
  - c. Enige skielike inmenging of buitengewone harde geraas, behalwe aankondigings op luidsprekers.

- d. 'n Voël vlieg in die pad van die teiken net voordat daar na die teiken geskiet word.
- e. 'n Kind of enige ander persoon of dier, hardloop oor die baan net voordat daar na die teiken geskiet word.
- f. Enige item wat gegooi word, of deur die wind gewaai word en inmenging vir die skut veroorsaak. 'n Stuk papier wat deur die wind gewaai word, word nie as inmenging beskou nie.
- g. Die son sal nie as inmenging beskou word nie en skuts moet dit so aanvaar.

### G. Veiligheidsmaatreëls.

Die veiligheid van deelnemers wat skiet, asook Skeidsregters, tellinghouers, werkers en toeskouers is baie belangrik en daar moet deurentyd daarna gekyk word. Daar moet oral op die klubgronde en veral op die Skeetbaan aandag gegee word aan die veiligheidsreëls en veilige hantering van gewere deur die skuts. Die reëls hieronder is van toepassing op alle werkers en deelnemers. As enige persoon nie hou by die reëls wat hieronder uiteengesit is nie, moet die Skeidsregter en beamptes/werkers behulpsaam wees en toesien dat by die reëls gehou word.

Indien enige persoon nie hou by die veiligheidsreëls nie, moet die Skeidsregter of enige ander werker/beampte, dit aan die klubbestuurder of organiseerder(s) van die kompetisie, rapporteer.

### REËLS

1. Oog en oorbeskerming: Alle deelnemers, Skeidsregters en trappers/tellinghouers/werkers **MOET** oog en oorbeskerming dra terwyl hulle op die Skeetbaan is.
2. Geen geweer mag gelaai word voordat die skut nie op die skietstasie staan nie. Dit beteken hy/sy mag geen lewende gelaaide patroon in enige deel van die haelgeweer sit nie.
3. As iemand tussen rondtes 'n toetskoot wil skiet, moet hy/sy eers die toestemming van die Skeidsregter kry. Toestemming hiervoor sal nie geredelik geweier word nie.
4. As die geweer gelaai is moet die geweer altyd na die teikenkant gewys word, en nooit in 'n rigting wat enige gevaar vir die ander skuts, tellinghouers/trappers,

Skeidsregter of toeskouers inhou nie.

5. As die skut klaar geskiet het moet hy/sy eers die geweer oopmaak en doppies uitgooi voordat hy/sy van die skietstasie afbeweeg. Terwyl 'n skut nie op die skietstasie is nie, moet die geweer te alle tye oop en leeg wees. Pompaksie- en semi-outomatiese gewere se slotte moet altyd oop wees.
6. As 'n skut op die skietstasie gereed staan om te skiet, en daar ontstaan 'n vertraging (bv. 'n masjien wat breek), moet die skut sy geweer dadelik oopmaak en die patrone uithaal.
7. As 'n skut na enkeleikens skiet, mag hy twee patrone laai, behalwe by Stasie 8 hoëtering. Skuts kan ook net een patroon laai vir enkeleikens indien hulle dit so verkies.
8. In geval van semi-outomatiese- of pompaksiegewere, mag daar nooit meer as twee patrone in 'n geweer gelaai word nie.
9. 'n Geweer wat meer as een kaliber patroon gelyktydig kan laai, mag nie in Skeet gebruik word nie.
10. Skuts word nie toegelaat om "release" snellergewere te gebruik nie, tensy hulle die Skeidsregter en die ander skuts vooraf daarvan in kennis stel. Addisionele versigtigheid moet aan die dag gelê word as so 'n geweer aan 'n Skeidsregter oorhandig word wat nie vertrou is met die sneller se werking nie.
11. Indien 'n skut se geweer in een rondte twee maal per ongeluk afgaan as gevolg van meganiese redes, moet die skut van geweer verander voor hy/sy verder skiet, of as daar tyd is moet sy/haar geweer herstel word voordat hy/sy verder kan skiet.
12. As 'n skut met opset tweekeer na dieselfde teiken skiet, moet die Skeidsregter hom/haar waarsku. Indien dit 'n tweedekeer gebeur in enige kompetisie, word die skut gepenaliseer met onmiddellike diskwalifikasie uit die kompetisie.
13. Geen merkers mag op die baan geplaas word nie, behalwe die merkers wat in die Skeetreëlboek voorgeskryf word.
14. Leë doppies mag net opgetel word na die voltooiing van 'n kompetisie. Daar moet seker gemaak word dat dit nie inmeng met ander groepe wat skiet nie.

15. Geen toeskouers sal toegelaat word om verby die sitplekke na die Skeetbaan te beweeg nie. Die Skeidsregter sal verantwoordelik wees om hierdie reël toe te pas.

## **DEEL IV – SKEIDSREGTERS**

### **A. GELISENSIEERDE SKEIDSREGTER**

Amptelike NSSA-Skeidsregters sal 'n voorgeskrewe skriftelike eksamen (met behulp van 'n reëlboek) en ook oogtoetse, met 'n bril (indien nodig), slaag. Vir die oogtoets sal 'n visuele kaartstelsel voldoende wees om die koste van 'n professionele oogondersoek, te vermy.

- a) Hierde eksamen sal deur Provinsiale Assosiasies of Klubs aangebied word.
- b) Aansoeke vir amptelike Skeidsregterskaarte of 'n embleem sal deur CTSASA goedgekeur en hanteer word.
- c) Daar word aanbeveel dat tydens Provinsiale Kompetisies, slegs van gekwalifiseerde Skeidsregters gebruik gemaak word.

### **B. HOOFSKEIDSREGTERS**

Wanneer die organiseerders van 'n kompetisie 'n Hoofskeidsregter aanwys, sal hy/sy algemene toesig oor alle ander Skeidsregters hou en te alle tye by die kompetisie teenwoordig wees.

- 1 Dit sal sy/haar verantwoordelikheid wees om die nodige Assistent-Hoofskeidsregters aan te stel en al die ander Skeidsregters se aanstelling sal ook sy/haar goedkeuring wegdra.
- 2 Die Hoofskeidsregter sal die Baanskeidsregters aanwys en toewys en ook verantwoordelik wees vir hulle optrede gedurende die kompetisie.
- 3 Dit word aanbeveel dat die Hoofskeidsregter die magtiging moet hê om alle ander Skeidsregters, van instruksies te voorsien en moet die Hoofskeidsregter seker maak dat die ander Skeidsregters te alle tye vertrouwd met die reëls en die interpretasie daarvan, is.
- 4 Dit sal die verantwoordelikheid van die Hoofskeidsregter en organiseerders van die kompetisie wees om die skiet of uitskiet-rondte te staak weens swak lig of ander omstandighede wat 'n regverdige kans om te skiet, inperk. Hierdie besluit moet gelyktydig op al die bane toegepas word. Byvoorbeeld, gebruik die openbare luidsprekerstelsel, of skakel die krag af, of gebruik 'n geskikte sein wat aan alle Skeidsregters bekend is.



- 5 Waar prakties moontlik, behoort elke Provinsie 'n Hoofskeidsregter aan te stel en daar word voorgestel dat hy/sy kursusse aanbied om Skeidsregters behoorlik op te lei.

### C. SKIETBAAN-SKEIDSREGTER

Die Skietbaan-Skeidsregter is verantwoordelik vir die gedrag van skuts op die skietbaan wat aan hom/haar opgedra is. Op daardie skietbaan sal hy/sy beheer oor die gebied agter die skietbaan (wat gewoonlik deur skuts en toeskouers gebruik word) asook oor die werklike skietgebied, uitoefen.

1. Hy/sy sal geheel en al vertrouwd met die skietprogram en die NSSA/CTSASA-reëls wees.
2. Hy/sy moet voortdurend waaksaam wees en onpartydig en beleefd (maar ferm) teenoor skuts optree.
3. As 'n beswaar voorkom, sal die Skeidsregter onmiddellik daarop 'n beslissing maak en voortgaan met die rondte asof niks gebeur het nie. Na voltooiing van die rondte, sal hy/sy die Hoofskeidsregter van die beswaar in kennis stel.
4. Die Skeidsregter sal duidelik hoorbaar alle "*verlore*" teikens en alle "*geen teikens*" aankondig.
5. Die Skeidsregter sal toesien dat elke skut 'n billike geleentheid kry om in sy/haar beurt te skiet en as daar onbehoorlik ingemeng is met 'n skut tydens die skiet, sal 'n "*geen teiken*" geroep word en die skut weer 'n geleentheid gebied word om na die teiken te skiet.
6. Die Skeidsregter sal so gou moontlik 'n "*geen teiken*" roep wanneer:
  - a) Die skut se skietposisie nie volgens die reëls is nie. Die skut sal deur die Skeidsregter oor sy skietposisie gewaarsku word en as hy/sy aanhoudend die reël oortree, sal hy/sy gestraf word met 'n verlore teiken vir elke daaropvolgende skietposisie-oortreding tydens die kompetisie.
  - b) Die teiken nie verskyn binne die toegelate tyd nadat die skut die teiken geroep het nie.
  - c) Die teiken voor die skut se roep, verskyn.
  - d) 'n Abnormale teiken tydens enkel-, dubbelteikens en herhaalde dubbelteikens, gegooi word.
7. Dit sal die Skeidsregter se eerste plig wees om so gou moontlik "*geen teiken*" te roep wanneer hy/sy agterkom dat 'n abnormale teiken gegooi is:
  - a) As die skut skiet na 'n teiken voor 'n "*geen teiken*" geroep is, sal die uitslag van die skoot aangeteken word.

- b) In die geval van dubbel- of herhaalde dubbelteikens, indien die Skeidsregter se roep van “*geen teiken*” geskied het nadat die skut op die teiken geskiet het, sal die uitslag van die eerste skoot aangeteken word en 'n herhaalde dubbelteiken sal gegooi word om slegs die uitslag van die tweede skoot vas te stel.
- c) **Die uitslag van 'n skoot op 'n gebreekte teiken, sal nie getel en aangeteken word nie.**
8. Die uitslag van 'n skoot op 'n teiken nadat dit as 'n “*geen teiken*” geroep is, sal nie aangeteken word nie en die teiken sal in elke geval, herhaal word.
9. Stofvoortrekte of geperforeerde ("dusted") teikens wat opgetel word nadat dit geland het, sal as verlore aangeteken word.
10. Ingeval abnormale teikens gereeld van 'n masjien gegooi word, sal die Skeidsregter die skiet opskort en beveel dat die betrokke masjien reggemaak of vervang moet word. Na die herstel van die masjien en indien so deur die skut versoek, behoort die Skeidsregter die skut toe te laat om 'n normale teiken te sien indien sodanige versoek nie onredelik of oormatig is nie.
11. Die Skeidsregter sal 'n skut toelaat om buite sy/haar beurt te skiet indien die omstandighede dit regverdig.
12. Die Skeidsregter sal gedurende 'n kompetisie, 'n skut diskwalifiseer:
- a) wat in sy/haar mening opsetlik met 'n ander skut inmeng terwyl laasgenoemde skiet.
- b) wat herhaaldelik enige van die veiligheidsmaatreëls bepaal in artikel 111 skend of vir enige handeling wat in die Skeidsregter se mening die veiligheid van skuts, die baanpersoneel of toeskouers, in gevaar stel.
13. Dit sal ook die Baanskeidsregter se verantwoordelikheid wees om toe te sien dat die korrekte tellings aangeteken is en dat alle tellings deur die onderskeie skuts bevestig is voor die telkaart die skietbaan verlaat.
- a) Elke normale teiken na geskiet, sal op die telkaart aangeteken word en dit word aanbeveel dat die tekens “**X**” vir 'n teiken wat gedood is en “**O**” vir 'n verlore teiken, op die telkaart gebruik word.
- b) Indien 'n fout op die telkaart op die baan bespeur word, sal die Baanskeidsregter dit onverwyld regstel sodra dit ontdek is.
- c) Ingeval daar 'n vraag ontstaan oor die korrektheid van 'n telkaart nadat dit die baan verlaat het, sal die organiseerders dit met die Baanskeidsregter nagaan en beveel dat die telling reggestel word indien daar 'n fout gemaak is.

- d) Dit is die Skeidsregter se verantwoordelikheid om toe te sien dat skuts hulle punte bevestig deur na elke rondte aan te kondig : *“Gaan asb julle telling na en teken”*.
14. Die Skeidsregter sal die ENIGSTE beoordelaar van ‘n feitebeslissing wees. Byvoorbeeld sy/haar beslissing dat 'n teiken 'dood' of 'verlore' is, sal onherroeplik wees ongeag wat die mening van die toeskouers of ander lede van die skietsgroep is.
  15. Dit is verkieslik dat ‘n Skeidsregter deurentyd op dieselfde skietbaan tydens ‘n kompetisie, diens doen.
    - a. Aflos-skeidsregters sal net by ‘n skietbaan oorneem nadat ‘n skietgroep ‘n rondte voltooi het, behalwe in geval van nood, soos byvoorbeeld siekte, ensovoorts.
    - b. Geen amptelike NSSA-Skeidsregter sal in die middel van 'n rondte gediskwaliseer word nie, tensy hy/sy self besluit om hom/haar te diskwalifiseer.
  16. Slegs aangewese Baanskeidsregters soos bepaal deur die organiseerders of die Hoofskeidsregter mag 'trek', telling hou en Skeidsregter tydens ‘n kompetisie wees. 'n Outomatiese Stemtreaksisteesem mag gebruik word. Aan die begin van ‘n rondte en met die goedkeuring van die organiseerders of Hoofskeidsregter, mag lede van die skietgroep “trek”, terwyl die Baanskeidsregter voortgaan met sy pligte as Skeidsregter en tellinghouer.
  17. Waar moontlik, moet Baanskeidsregters by geregistreerde kompetisies aangewys word. Tog, met die oog op laer inskrywingsfooie, mag die organiseerders van die kompetisie bepaal dat lede van die skietgroep, self as Skeidsregter sal optree INDIEN dit vooraf in die skietprogram en/of by registrasie so bekend gemaak word. In so ‘n geval, sal die eerste skut op die telkaart, die skietgroep se telkaart na en van die baan neem en verseker dat elke skut sy/haar finale punte by voltooiing van die rondte, met sy/haar handtekenig bevestig het. Ingeval van enige dispuut of beswaar, moet dit onmiddellik na afloop van die laaste rondte na die Hoofskeidsregter of organiseerders verwys word. Enige beswaar wat ontvang is, moet kragtens die prosedure soos beskryf in Deel II-E besleg word.

## **SKUTS SE PROSEDURE OM BESWAAR AAN TE TEKEN**

### **DEEL II-E**

#### **D. BESWARE**

##### 1 Slegs 'n Skut, die Organiseerder(s) of Skeidsregter mag 'n beswaar inisieer wanneer:

- a) In sy/haar mening die reëls hierin uiteengesit, nie behoorlik toegepas is nie.
- b) Die omstandighede waaronder 'n ander skut toegelaat is om te skiet.
- c) Wanneer hy/sy van oordeel is dat 'n fout met die samestelling van 'n telling gemaak is.

Daar word nie van die organiseerders verwag om 'n beswaar aan te teken alvorens regstellende aksie wanneer 'n fout met die telling ontdek is, geneem word nie.

##### 2 Hoe om beswaar aan te teken.

- a) 'n Beswaar sal onmiddellik aangeteken word wanneer dit moontlik is om dit te doen en sodra die beswaarde voorval plaasgevind het. Geen beswaar deur 'n betrokke skut mag gemaak word na die verloop van 30 minute na die betrokke voorval plaasgevind het nie. 'n Versuim om aan hierdie voorskrifte te voldoen, sal die beswaar ongeldig maak.
- b) By 'n beswaar wat handel met 'n telling deur die Skeidsregter aangeteken, indien onmiddellik by die betrokke Skietstasie aangeteken, sal 'n tweede skoot (of skote) gevuur word en aldus so onder beswaar, deur die Skeidsregter getel en aangeteken word.
- c) Die beswaar sal voortgaan op die volgende voorgeskrewe wyse:
  - 1 Verklaar die beswaar mondelings aan die Hoofskeidregter/Jurie, en as die skut nie tevrede met sy/haar beslissing is nie, dan
  - 2 Teken die beswaar skriftelik by die Organiseerder(s) aan en meld al die feite in die saak. Sodanige beswaar moet binne 24 uur nadat die betrokke voorval waarteen 'n beswaar aangeteken word, plaasgevind het, ingedien word. Die Organiseerder(s) moet binne 48 uur na ontvangs van die beswaar, daarop reageer. Indien die skut nie tevrede met die Organiseerder(s) se beslissing is nie, dan
  - 3 Rig 'n geskrewe appél aan CTSASA en meld al die feite. Sodanige appél moet binne 7 dae na die beslissing van die Organiseerder(s) aan die skut bekend gemaak is, ingedien word. In die geval van spankonomies moet die spankaptein die beswaar aanteken. Spanlede wat glo hulle het rede

vir 'n beswaar, sal die feite aan die spankaptin oordra en hy/sy sal dan oordeel of 'n beswaar op die feite soos verskaf, geregverdig is.

### 3. Skeidsregter se verantwoordelikheid

Wanneer 'n beswaar geopper word, sal die Skeidsregter die tyd van die voorval aanteken en daarop beslis en sonder vertraging voortgaan met die voltooiing van die rondte asof niks gebeur het nie. Na voltooiing van die rondte sal hy/sy die Hoofskeidsregter of Jurie/die Organiseerder(s) daarvan in kennis stel.

### 4. Die Organiseerder(s) se verantwoordelikheid

Om te verseker dat besware eenvormig en billik hanteer word, sal die beswaarde skut en die Jurielide of 'n Jurielid, soos deur die Organiseerder(s) aangestel, die volgende riglyne volg :

#### a) Stel vas of

1. 'n Voorval plaasgevind het.
2. 'n Mondelike beswaar by die Baanskeidsregter aangeteken is.
3. 'n Mondelike beswaar by die Hoofskeidsregter aangeteken is.
4. Die Hoofskeidsregter op die beswaar 'n beslissing gemaak het.

#### b) Dan :

1. Indien daar 'n Hoofskeidsregter aanwesig was, was die klagte onder sy/haar aandag deur die beswaarde skut, gebring?
2. Was 'n skriftelike beswaar aan die Organiseerder(s) binne 24 uur na die voorval plaasgevind het, gerig?
3. Bevraagteken die beswaarde skut nie die Skeidsregter se feitebeslissing nie?
4. Word die skut se beswaar op die onbehoorlike toepassing van die NSSA reëls; die omstandighede waaronder 'n ander skut toegelaat is om te skiet of 'n fout met die tellinghouding, gegrond?

Indien die antwoord op voormeld positief is, dan sal die Jurie 'n beslissing moet maak om die beswaar te handhaaf of van die hand te wys. Indien die antwoorde op voormelde vrae negatief is, dan is die beswaar ongeldig.

### 4. Appèl na CTSASA

Enige appèl na CTSASA teen die Jurie se beslissing, sal:

- a. Die feite voormeld, uiteensit.

b. 'n Afskrif van die skriftelike beswaar, insluit.

c. 'n Afskrif van die Jurie se beslissing, bevat.

Die Organiseerder(s) moet bereid wees om die inligting voormeld, op versoek aan CTSASA te lewer.